BEDINGE EN VOORWAARDES

1. LEWERINGSTYD

Standaard CD en DVD produksie: 7-10 werksdae
Toeslagopsies (NIE BESKIKBAAR VANAF OKTOBER – DESEMBER NIE):
15% toeslag - 5 werksdae
10% - 6 werksdae
5% - 7 werksdae

Toeslagopsies word onder die volgende omstandighede gekanselleer:

- Indien die fabriek die meester of positiewe afkeur
- Indien die giet-, druk- of verpakkingsmasjiene onklaar raak.

Die leweringstye word bereken:
(a) vanaf ontvangs van alle dokumentasie soos in ons kwotasie hierbo gelys; en
(b) op die voorwaarde dat die korrekte aantal boekies met die regte afmetings by die fabriek afgelewer is. (Indien die kliënt self die drukwerk onderneem, rus die verantwoordelikheid volledig op die kliënt).
Let op: die finale hoeveelheid produk kan tot 10% verskil van die oorspronklike bestelling a.g.v kwaliteitsbeheer en skade tydens die poduksieproses.

2. ONTWERP

2.1 Ontwerp deur JingleJackets – ons ontwerpateljee:

Ontwerpwerk sal nie begin alvorens die volgende ontvang is nie:

- 'n getekende kwotasie
- 'n getekende afskrif van hierdie Bedinge en Voorwaardes
- 'n 50% deposito

Die druk van boekies en die cliché sal eers begin as 'n finale PDF-weergawe deur die kliënt afgeteken is.
As verbeteringe of enige veranderinge aangevra word na aftekening van die PDF-weergawe, sal die kliënt vir bedoelde veranderinge gekwoteer en gefaktureer word.
Posisieproewe sal gemaak word, en drukwerk sal nie voortgaan voordat dit deur die kliënt afgeteken is nie.

2.2 Ontwerp deur ontwerper van kliënt se keuse

Spesifikasies is beskikbaar om te verseker dat die kliënt se ontwerper die korrekte formate en afmetings gebruik. Dit is die kliënt se verantwoordelikheid om die nodige spesifikasies van ons kantoor te bekom.
Die finale afgetekende ontwerp wat as PDF-dokument ontvang word, sal deur ons grafiese ontwerper nagegaan word net om te bevestig dat formate en afmetings korrek is, en indien daar probleme gevind word sal die kliënt daarop gewys word. 'n Nominale bedrag van R50,00 sal vir dié diens gehef word, ook as 'n verbeterde PDF weer nagegaan moet word.
Pantone-kleure moet, waar van toepassing, deur die kliënt verstrek word.
As kleurproewe nie verskaf word nie, neem JanusMusiek/JingleJackets geen verantwoordelikheid vir kleurafwykings in die drukproses nie.

_____
Kliënt se Handtekening

3. DRUKWERK

3.1 Drukwerk deur JingleJackets

Leweringstyd vir drukwerk: 4 werksdae nadat 'n posisieproef afgeteken is.

Drukwerk word deur JingleJackets verwys na 'n professionele drukker wat reeds jare spesialiseer in die druk van materiaal in die musiekbedryf. Die masjiene is ingestel om te verseker dat 100% voldoen word aan kritieke spesifikasies. Uit ervaring beveel ons aan dat die drukwerk aan ons toevertrou word, omdat dit frustrasies en tydsverlies uitskakel. Danksy volumes is ons ook in die posisie om uitstekende pryse te beding.

3.2 Drukwerk deur drukker van kliënt se keuse

As verpakking verlang word moet die drukwerk verskaf word volgens ons spesifikasies.
Met die oog op masjienverpakking word 10% meer boekies as die getal van die bestelling benodig.
'n Katalogusnomer moet op die rugkant van die boekie verskyn.
Alle drukwerk moet saam met die produksiemeester by ons kantoor afgelewer word.

4. Aflewering/afhaal:

Die kliënt is verantwoordelik om alle items wat met produksie verband hou by ons kantoor af te lewer. **Die kliënt is ook verantwoordelik om die voltooide produk by ons kantoor te kom afhaal.** Let asb daarop dat ons nie stoorruimte voorsien nie. kliënt moet die produk afhaal binne 16 werksure nadat ons kennis van beskikbaarheid daarvan gegee het. Daarna sal JanusMusiek/JingleJackets geen aanspreeklikheid aanvaar vir skade aan, of verlies van die goedere nie.

JanusMusiek/JingleJackets aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade wat intree tydens die afhaal, aflewering of versending van produkte nie.

NB:

Alle kwotasies is slegs vir 30 dae geldig.

Ek aanvaar hiermee die Bedinge en Voorwaardes van JanusMusiek/JingleJackets

_____
Kliënt se handtekening

_____
Datum

_____
Naam in drukskrif